

Pretoria- 12 Junie 2011

Skriflesing: Filippense 2:19-30

Teks: **Filippense 2:19,25**

Sing- Ps. 138:1,4; Ps. 119:52; Ps. 32:4; Ps. 107:9

In die vorige gedeelte was ons met iets van die volmaakte besig. Broeder en suster, die ware betekenis het vir ons na vore gekom, wat beteken dit alles as ons kan uitroep dat Christus ons lewe is. In vers 5 het Paulus dit dan ook duidelik gestel dat die gesindheid wat in Jesus Christus was moet ook in ons wees. Ons sal ook moet onthou dat die Here dan deur Paulus 'n groot saak daarvoor uitmaak dat daar by ons veral twee dinge moet wees- eensgesindheid en nederigheid. Dit pas by 'n burger van God se koninkryk, of kom ons gebruik die woorde soos Paulus vir die Filippense maar ook die Efesiërs skrywe- in Filippense staan daar- *gedra julle waardig die evangelie van Christus...* vir die Efesiërs kom dieselfde opdrag net met ander woorde- *om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is...* (Ef. 4:1).

Om waardig ons burgerskap te wees, want om jou te gedra het met jou hemelse burgerskap te doen, maar ons moet ook waardig ons roeping wees. Die roeping waarmee God ons geroep het, dit is waarlik die moeite werd om in gemeenskap met God maar ook in gemeenskap met mekaar rondom die gesindheid van nederigheid en eensgesindheid vas te staan. Christus wat hierin die volmaakte voorbeeld was, ons kan nie genoeg daarvan kry om maar elke keer na Filippense 2:6-11 terug te verwys en presies weer woord vir woord dit alles wat daar oor Christus staan moet ook oor ons lewe en ons gesindheid geskrywe staan.

Weet u dit is waaroor vanoggend se gedeelte eintlik oor handel. As daar stryd of siekte of teëspoed, of angs oor ons lewens kom, dan mag dit party keer wees dat ek voel iemand praat baie maklik daaroor, as dit hulleself nie getref het nie, maar wag 'n bietjie as dit jouself getref het, dan is dit anders! Dan praat mense nie maar net maklik nie, maar dan begin hulle werklik te besef dat die een wat nou met my praat, hy weet waarvan hy praat, want baie van die swaar en die stryd wat hy nou met my oor gaan praat, dit het hyself/syself al moes deurmaak. In die hele vooraf gedeelte van hierdie brief het ons te doen gehad met Paulus se eie stryd en baie worstelinge, baie vrae waarvan Paulus self ook gewonder het wat sal nou die beste wees. Is dit die moeite werd om nog te bly lewe, is dit nie beter om maar eerder te stewe nie, veral as ek weet *vir my is die lewe Christus en die sterwe wins* (Fill:21).

Ons sal elke keer maar weer kon gaan stilstaan by die vraag van wat verwag Christus nou van my, hoe is my gesindheid in wat nou weer met my gebeur?! Dit wat die Here ook vir ons

Pretoria- 12 Junie 2011

deur Paulus gesê het- in vv12-13 kan nie by die agterdeur uitgegooi word nie- *werk julle eie heil uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae...* Die God wat van my kan verwag dat ek met my lewe voor Hom moet kan kom staan, soos ons ook in vv 14-15 moet wees- *onberispelik en opreg... om alles sonder murmurering en teëspraak te doen...* om kind van God te wees, sonder gebrek, te midde van 'n krom en verdraaide geslag, waar ons soos ligte in die wêreld moet skyn. Dit alles staan in v.15. Die lewe wat ons in Christus aan moet vashou is werklik om dan self 'n lig vir Christus in hierdie wêreld te wees. Die woord van die lewe wil die lig in die wêreld bring!

Wie is daar wat kan sê dat dit maklik is?! Die woord van die lewe handel inderdaad ook oor die lewe waarin ons nou is, nie maar net oor die ewige lewe, oor wat vir ons in die toekoms wag nie. Paulus wat die volmaakte voorbeeld van Christus dan eintlik weer op verskeie maniere in sy eie lewe terugsien. Hy wat sy lewe sien soos 'n marathon, maar mag dit tog wees dat hy nie verniet geloop het nie (v.16). OF waar dit gaan om sy sy lewe as tentmaker, waar hy dan vanuit sy tentmakers beroep die versugting laat hoor dat hy tog nie verniet gearbei het nie (ook v,16). Ja, al word sy lewe as drankoffer uitgegiet, soos hulle gewoonlik by die einde van die Ou-Testamentiese offers water of wyn of olie oor die altaar en langs die altaar laat afloop het, dan is Paulus se lewe in Christus nog steeds 'n lewe wat hy nie in homself wil roem nie, maar in die Here is sy roem!

Dit klink so maklik om maar net te aanvaar as jou lewe op Christus gerig is dan sal jy sy lig uitstraal, maar die wysheid wat ons aan die einde van hfst 2 mee te doen kry is heel konkreet, op die man af, want die Here sit ons voor mense neer wat vir ons direkte voorbeelde is waarmee hulle met hulle lewens op pad is en wat die Here van sulke mense se lewens gemaak het. Die twee manne wat as direkte voorbeeld na ons toe kom is Timotheus en Epafroditus. Twee manne wat voldoen het aan al die dinge wat direk van ons vereis is. Manne wat opreg was, onberispelik, ligdraers tussen ontaarde en korrupte mens.

Die voorbeeld van Timotheus bring lig en lewe bymekaar, want in die lewe van Timotheus is dit asof Paulus nou 'n portret van hierdie medewerkers voor ons wil ophang. Timotheus en Epafroditus wat voorbeelde is van wat nederigheid en eensgesindheid werklik beteken, voorbeelde van mense wat nie aanmekaar kla nie. Paulus skryf aan die gemeente dat julle ken Timotheus se *beproeftheid*- dat hy *soos 'n kind teenoor sy vader saam met my in die*

Pretoria- 12 Junie 2011

evangelie gedien het... In die Grieks as Paulus sê julle ken sy *beproofdheid*- dan gebruik hy die woord - *δοκιμή*- seker waar ons woord dokument van afgelei is- ons ken sy papiere- sy “dokumente”, bedoelende sy karakter, die woord sluit ook in dat hy het homself al bewys het in wat reeds goedgekeur is. Hierdie is 'n beproefde en gewaarborgde getuigenis wat hier gegee word.

Dit is nie dat die gemeente in Filippi nie vir Timotheus sou ken nie. Hulle sou hom goed ken, daarom dat Paulus eintlik maar net vir hulle sê dat julle ken eintlik vir Timotheus, *julle ken sy beproefdheid...* Van die stigting van die gemeente toe was Timotheus al saam met Paulus gewees.

Paulus is eintlik met die brief wat hy nou rondom Timotheus opstel besig om veral twee dinge uit te wys. Die eerste is hoe Timotheus die voorbeeld was van een wat na die belange van die ander een kon omsien. Dit wat Paulus in Fil. 2:4 gestel het- *Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n...* dit is hoe Timotheus dit ook doen. Dit kom daarop neer dat Paulus eintlik nie nog so iemand ken wat op so 'n besondere wyse na ander se belange sou omsien as wat Timotheus die voorbeeld is nie.

So skryf Paulus dan oor Timotheus- *ek het niemand van dieselfde gesindheid wat julle belange opreg sal behartig nie; want hulle soek almal hulle eie belange, nie dié van Christus Jesus nie...* Die tweede wat Paulus rondom Timotheus aantrek is nog dieper- hoe Timotheus homself eintlik soos 'n slaaf vir iemand anders sou opoffer. Die volmaakte voorbeeld van hoe Christus dit gedoen het – weereens vv.6-11 – dit het Timotheus werklik as navolging van Christus nie agterweë laat bly nie.

Dit is hierdie besondere kenmerke van Timotheus wat Paulus laat uitstaan waarom hy so graag vir Timotheus na hulle sou wou stuur. Hy noem dit twee keer- want Paulus is een met Timotheus, eensgesind verlang Paulus om te weet hoe dit werklik in die gemeente gaan. Die gemeente wat hom baie naby aan die hart gelê het en Timotheus is die een wat Paulus so graag na hulle sou wou stuur, om hierdie besondere meeleving en belangstelling in hoe dit met hulle gaan tot uitvoer te bring. Daar is 'n verlange na ware *koinonia*- na ware gemeenskap met die gemeente in Filippi...

Pretoria- 12 Junie 2011

As Paulus dan nie self na hulle kan gaan nie, dit wat hy baie graag sou wou doen, tog laat hy/sy planne nie vaar dat as Timotheus na hulle sou kon gaan, daar sal eintlik nie iemand beter kon wees nie.

Paulus maak dit ook duidelik hy weet hoe belangrik dit is dat hierdie visitasie, hierdie besoek aan hierdie gemeente moet plaasvind. Dit gaan nie maar net oor belangstelling en nuuskierigheid van wat het ons al bereik nie, maar Paulus stel hierdie planne baie ernstig dat *ek vertrou in die Here dat ek self ook spoedig sal kom...* Hoe Paulus hierna kyk is om dit alles in Christus te doen. Hy wil nie besluite en planne maak, allerhande voornemens koester en homself bevorder nie, maar in die oorweging van wat hy hier aan hulle skryf daarin moet die Here ons lei en die uitkoms bepaal.

Daardie vertrou in die Here is nie iets wat ons moet mislees nie. Sy aanmoediging, sy fundering, sy volle vertrou is in die Here. Die gesag van die Here moet oor ons almal wees, die Here moet eintlik vir ons besluit wat die beste gaan wees. As dit ook sou wees, soos Paulus dan wel aan hulle wil verduidelik dat Timotheus sal in wat ons so moeilik oorweeg het, ook nie kan kom nie, dan moet ons dit ook in die Here aanvaar. Ons moet nie teen die wil van die Here probeer ingaan nie. Paulus het eintlik al in v.23 gestel dat hoe graag hy ook sou wou hê dat Timotheus dadelik na hulle moet gaan, moet hulle eintlik maar nog wag. Wag om te sien hoe dit met Paulus self gaan afloop.

Hoe dikwels wil ons iets baie graag doen, dit ook sommer dadelik doen, ons het ook die beste voornemens maar dan kom daardie dinge in jou lewe terug wat hulle in Latyn die uitdrukking gebruik van *festina lente*- haas jou langsaam... dit sal nie help om haastig te wees nie, want die werklike horlosie waarop God die tye bepaal en die eintlike horlosie wat die aftik van gebeure beheers en balanseer is nie aan ons arm gebind nie. Die werklike horlosie van die lewe het te doen met die woord van die lewe en hierdie horlosie-woord is aan die arm van God gebind. Ons moet die tye en gebeure afwag, aan die hand van God moet ons ons laat lei en dan eers daarvolgens handel as God ons wys wat nou, waarheen nou, hoe nou gemaak?!

As Paulus nie sy geestelike kind Timotheus kan afstaan nie, daar sou eers gewag moet word hoe dit nou met Paulus sou afloop, maar die Here van die tyd is die Here wat waarlik ook weet wat ons nodig het. Die ander portret word dan teen ons lewensmuur opgesit. Die

Pretoria- 12 Junie 2011

portret van 'n man met die baie lelike naam Epafroditus, ander Griekse name wat dieselfde stam dra is die naam Epafras. Hierdie woord “epafroditus” beteken om te hoereer. Die godin van liefde en skoonheid het dan ook die naam gedra Afrodite en was sy gesien as die god van vrugbaarheid en van die seksuele. Die beskermvrou van straatvroue! Dit is heel waarskynlik waar Epafroditus sy naam vandaan kry, vernoem na Afrodite, hierdie afgodiese seksgod, maar Epafroditus wys wat die genade en die troos van die uitverkiesing is. Later vandag sal die Dordtse Leerreëls ons nog weer dieper hierop inlei, maar ten spyte van Epafrodites se lelike naam en dit wat alles sy huislike lewe sou kon kenmerk, het God vir Epafroditus uitgekies tot waar Paulus hom nou hier voor ons stel.

Nou dat Timotheus ook verhinder is om dadelik na hulle te kom, nou is daar waarlik 'n waardige plaasvervanger. As Epafras of Epafrodites dalk dieselfde persoon was, wat nie uitgesluit kan word nie, dan weer kan ons oor Epafras lees, in Kol.1:7, ook in Filemon :23. Tog was hulle dalk nie dieselfde mens gewees nie. Dit lyk die sterkste moontlikheid te wees. Epafras lyk eerder afkomstig van Kolosse te wees terwyl Epafrodites baie duidelik boorling van Filippi moes wees.

Wanneer Paulus dit nou duidelik maak dat Epafrodites wel na hulle gestuur gaan word, dan kom dit alles terug na die begin van Filippense 2. Paulus wat werklik op die voorbeeld van Christus, die mees volmaakte voorbeeld wat daar kan wees (vv 6-11), mense in diens van Christus te stel om ook die voorbeeld van onbaatsugtigheid, nederigheid, eensgesindheid en ware meelewing 'n lewendige werklikheid in die lewens van ander mense te maak. Paulus praat nie maar net nie, maar hy doen dit. Dit is wat ons hier sien, soos die Engelse sou sê: “the practice what he preach”...

Nou is die kandidaat Epafroditus baie goed in die gemeente bekend. Trouens dit was die gemeente wat hom eerste na Paulus gestuur het. Daardie dankbaarheid aan die einde van hoofstuk 4 as Paulus hulle bedank vir al die behoeftes en gawes wat daar van die gemeente aan hom gestuur was, dan wil dit lyk die hande van Epafrodites het dit kom aflewer. Soos 'n ware diaken van God sonder om dit genoem te word, het hy/sy diens verrig. Is dit altyd nodig om eers iets genoem te word vóór ek doen wat ek weet God van my verwag. Née, my broeder en suster, doen dit sonder om aanspraak te maak op name, titels en betiteling, want ware diens aan God hang nie van die name af nie, maar dit alles hang van die gesindheid af.

Pretoria- 12 Junie 2011

As Paulus oor Epafroditus met die gemeente praat dan wys Paulus heel eerste daarop wat Epafroditus alles vir hom wat Paulus is beteken. SY broeder, sy medewerker, sy medestryder, al daardie besondere eienskappe wat daar in hfst 1 en 2 van kinders van die Here vereis word, dit wat maak dat mens jou waardig die evangelie gedra (1:27) dit was by Epafroditus teenwoordig. Epafroditus wat beslis nie sy eiebelang gesoek het, soos daardie ander predikers waarvan ons in hfst1:15 gelees het- *sommige preek Christus, wel ook uit afguns en twis...* sulke verkondigers kom met naywer (v.16), met geen suiwere bedoelinge nie. Al hierdie negatiewe dinge wat mense in diens van evangelie onder 'n wolk plaas, niks hiervan is by Epafroditus teenwoordig nie.

Daarom is hier 'n pragtige verband wat Paulus eintlik in die gemeente van Filippi wil aantoon. As Epafroditus vir hom wat Paulus is soveel beteken, hoeveel sal hy dan nie ook vir hulle as gemeente beteken nie. As Paulus met die gemeente praat dan noem hy Epafroditus- julle afgevaardigde- in die Grieks staan hy is julle **ἀπόστολος**, hier staan ook- hy is julle bedienaar van *my behoeftes*- julle **λειτουργός** – m.a.w. hy is julle apostel en julle liturg en dan word daar nie amptelike status aan die name gekoppel nie, maar ons almal soos ons vanoggend hier sit moet gestuurdes van die Here wees, dit wat die apostel was, 'n gestuurde- ons moet elkeen bedienaars wees, 'n liturg is eintlik een wat homself ook 'n bediende van God moet kan noem.

Daar is geen amptelike status of posisie of mag of rang in die bediening van die ampte nie. Daarom verkies ek ook om eintlik nie eers van die ampte in die kerk te praat nie, ons kan dit veel eerder die dienste in die kerk noem. Dienste wat bediening verg waar dit bediendes is wat dit moet uitvoer, dit is wat ouderlinge, diakens en predikante moet wees- bediendes. Nie om mense te bedien nie, maar die bediening van God se Woord (profete), bediening van God se reg (ouderlinge), bediening van God se liefde (diakens). Ons bedien God, ons moet die besondere roeping van God aan mense bedien, sonder dat 'n mens 'n dienaar van God sy eie bediende mag maak. Geeneen in die besondere amp is ons bediende nie, maar is wel geroep tot bedienaars van die goddelike Woord en van die ware reg en bedienaars van die diepste liefde.

En wanneer hierdie bediening van Epafroditus so pragtig hier gestel word, geliefdes, dan is die bediening altyd ná die gesindheid terug te herlei. Weereens... *hierdie gesindheid moet in*

Pretoria- 12 Junie 2011

julle wees wat ook in Christus Jesus was... (2:5). Epafroditus is hierin 'n voorbeeld! Selfs toe hy wat Epafroditus is baie ernstig siek geword het. Ons het vroeër gewys hoe dit baie keer beslis nie maklik is om in die lewe waarin ons nou is te doen wat ons weet hier van ons verwag word nie. Mense wat eintlik eers kan praat as hulleself deur 'n groot meule moes gaan. So 'n meule het in die lewe van Epafroditus hom ook gemaal, dalk al uit sy ouerhuis uit waar hy die naam moes dra wat herinner aan 'n vieslike afgod!

EN nou gaan Paulus hierdie gewaardeerde kollega na die gemeente terugstuur. Paulus doen dit in belang van Epafroditus self, maar ook in belang van die gemeente. Epafroditus wat self ook baie na die gemeente terugverlang, maar nou ook die gemeente se verlange na Epafroditus, veral daardie bekommerde verlange wat in die gemeente was toe hulle van hulle gesant, hulle afgevaardigde, se ernstige siekte gehoor het. Paulus weet, die Here sorg daarvoor, dat gesant en gemeente moet mekaar nou weer kan sien (en gou ook), almal verlang daarna! Paulus skryf aan die gemeente dat hulle moet besef Epafroditus was eintlik nog ernstiger siek as wat hulle gedink het. Alleen die Here sou hom gesond kon maak en nou die wonderlike die Here het hom genees. So het die Here ook vir Paulus droefheid op droefheid gespaar. As Paulus in die tronk nog ook hierdie hartseer moes hê dan is die tronk en die ontslape geliefde 'n dubbele slag, maar God staan bo dit alles. Wanneer mens se lewe soos 'n drankoffer uitgegiet word, wat Paulus van homself sê, dit wat ons hierdie week ook in die gemeente met oom Antoon weer beleef het, dan is die wat in die Here ontslaap, waarlik gelukkig. Hulle sterwe is in Christus wins. Dit moet ons altyd weet. Dit alles is in die Here se hande... watter wonderlike hand om in te mag wees.

Die hand waarin Epafroditus ook was. Daardie weersien in die gemeente, Paulus skryf wyd daarvoor, dat hulle Epafroditus kan sien, oor hom bly kan wees, nie meer bedroef sal wees nie. Onthou die groot refrein in hierdie hele Filippense brief dat kinders van die Here het in die swaarste omstandighede, met die grootste nood om hulle nog altyd rede om in die Here bly te wees. So mooi stel Paulus dit in v.29 aan die gemeente- *Ontvang hom dan in die Here met alle blydschap en hou sulke manne in eer.* Om iemand in eer te hou staan die Griekse woord- **ἔντιμος**- dit sluit in julle moet so een by julle vir julle as waardevol beskou, hom respekteer, dit wat ons by die bevestiging van broeders in die dienste ook vir die gemeente sê- eer hulle ter wille van hulle roeping! Hy wat eintlik weer vir julle in lewe teruggegee word, watter geskenk is die man dan nie! Tot aan die grens van die dood werk die Here en ons weet selfs

Pretoria- 12 Junie 2011

anderkant die grense! Watter siekte Epafroditus gehad het weet ons nie, maar solank ons net weet dat God hom gebring het waar hy was, dan het ons nie nodig om meer te weet nie. Die laaste vers plaas iets van 'n skaal voor ons geestesoog. Eers moes Epafroditus aan die kant van die gewig kom staan, waar Paulus ook was, nou moet hy weer na die gewig waar die gemeente lê oorskuif, ja broeder en suster, dit klink swaar om te weet my lewe is voortdurend op 'n weegskaal en hoe swaar sou dit wees as ons nie besef dat God hou hierdie skaal vas. Daarom al is ons lewe op 'n lewensdurende skaal, het ons niks om te vrees nie, selfs nie die ernstigste siekte of ook nie die dood nie.

AMEN